Geopende Deure NUUSBRIEF

Een geloof. Verskillende lewens.




UITGAWE 2

Van Afrika tot Asië: Vroue van die vervolgde Kerk, bl. 2-4 • Kom wees deel, bl. 5
Briewe aan die volgende generasie, bl. 6 • Paasfees-aanvalle op Christene, bl. 7

# Van Afrika tot Asië: Vroue van die vervolgde Kerk

**Geweld teen Christene in sub-Sahara Afrika styg teen ŉ tempo wat ons nog nooit vantevore gesien het nie. Dit vernietig lewens en verwoes die Kerk. Net so, moet baie mense in Asië hul geloof geheim hou omdat hulle gewelddadige teenkanting ervaar van diegene wat beswaar daarteen het. Dit eis ŉ tol op ons familie in hierdie streke. Talle mense word getraumatiseer – hulle verduur enigiets van aanvalle deur ekstremiste tot verwerping deur hul eie families…**

**Maar jou vrygewige ondersteuning en gebede help Christene regoor die wêreld om die stukkies op te tel nadat hulle tragedies en vervolging moes deurmaak.**



## Boko Haram traumatiseer en val dorpe aan

Boko Haram het die dorpie Guyaku in noordelike Nigerië in die nag aangeval. Charity, 'n enkelma, het haar drie kinders byeengeroep, en na die berge gevlug.

Te midde van die paniek en verwarring het twee van Charity se kinders verdwyn. Agter hulle het militante, Christene doodgemaak en huise aan die brand gesteek.

Byna elke huis is geplunder en afgebrand, talle gelowiges is vermoor en Charity se kinders was steeds vermis. *"Ek kon niks eet of drink nie,"* sê Charity, *"want as my kinders dood is, watter nut het kos vir my?"*

Maar net soos Jesus met die eerste Paasfees nie in sy graf gehou kon word nie, sal hoop in die donkerste plekke opvlam. Twee weke ná die aanval is Charity se gebede verhoor. Haar twee kinders het veilig by die huis aangekom. *"Dit het soos 'n nuwe dagbreek gevoel,"* sê Charity.

Charity se verhaal verteenwoordig duisende vervolgde Christene regoor Nigerië wat die stukkies moes optel na gewelddadige aanvalle deur ekstremiste soos Boko Haram.

Jy het gehelp om Charity se gemeenskap op te hef deur aan hulle noodleniging, voedsel en ondersteuning te voorsien om hul dorp te herbou. Nog belangriker, jou ondersteuning verskaf ook traumaberading – om mense te help om ware herstel in Jesus te vind.

**"Die Boko Haram-aanval het 'n wond in ons harte gelaat wat nie sal genees nie... Maar julle het ons hoop gegee vir 'n beter lewe in die toekoms."** Charity



Charity is deur die aanval getraumatiseer, haar kinders was twee weke lank vermis.

## Dis skande om op 26 enkellopend te wees

In Sentraal-Asië, waar vroue se vryheid beperk word, trou baie vroue op 21-jarige ouderdom omdat dit as ŉ manier beskou word om ŉ respektabele status en vlak van waardigheid te bereik. Dit is dus ongewoon in Samida* (26) se kultuur vir haar om nog ongetroud te wees.

Samida het as ŉ tiener saam met haar ouers tot geloof in Christus gekom. Haar ouers het egter na Islam teruggekeer. Hulle was diep teleurgesteld in Chrstenskap omdat haar pa nie van sy blindheid genees het nie. Samida het getrou gebly aan Jesus.

Soos wat die jare verbygegaan het, het Samida se ouers geen versoeke vir haar hand in die huwelik gekry nie. Dit het tot ŉ geskinder en ŉ verleentheid vir hulle in die gemeenskap gely.

Samida moet elke dag beledigings en mishandeling verduur weens haar geloof en omdat sy nog nie getroud is nie. *"Dit is jou skuld; jy onteer ons deur aan jou Christenskap vas te klou. Dis geen wonder dat jy geen manlike bewonderaars het nie! Besef jy nie dat jy skande oor ons huishouding bring nie?"*



*"My ma vertel vir almal dat ek ŉ slegte en lui vrou is. Sy behandel my soos ŉ slaaf. Ek werk dag en nag vir my ouers. Nou sê hulle dat daar nie meer plek vir my in die huis is nie, en dat dit beter is as ek die skuur met die diere deel."*

*"In hulle oë is ek niks nie. Ek kan nie die dorp verlaat en na ŉ ander plek trek nie, want dit sal my reputasie nog meer skade aandoen."* Enkellopende vroue se vryheid word beperk en as hulle op hul eie bly, neem mense aan dat hulle prostitute is. Daarom hulle voel nooit veilig nie.

Samida is een van baie vroue wat verwerp word en wie se reputasies deur hul families in Sentraal-Asië geskend word omdat hulle Jesus volg.

In Sentraal-Asië help jóú liefde en ondersteuning geheime gelowiges in hul moeilikste tye. Baie tree as die sout en lig in hul gemeenskappe op danksy die krag wat jou ondersteuning aan hulle gee, en hulle rapporteer dikwels dat hulle die krag van jou gebede voel wanneer hulle onder druk is.

**Dankie dat jy help om dinge om te draai vir Charity, Samida en baie ander in ons geloofsfamilie. Dankie dat jy in hierdie Paastyd en daarna help om hoop weer te laat opvlam!**

*Naam verander vir sekuriteitsredes en foto ter illustrasie.




## Ramadan 2022
## 30 dae van gebed vir Afganistan

Die lewens van geheime gelowiges in Afganistan was nog nooit maklik nie, maar dinge het drasties versleg toe die Taliban verlede jaar Augustus oorgeneem het. Geheime gelowiges is nou kwesbaarder as ooit tevore.

Ons nooi jou om tydens hierdie **Ramadan (2 April tot 2 Mei)** om na die troonkamer te kom en vir Afganistan in te tree. Besoek www.opendoors.org.za/afr/ramadan22 om jou gratis Ramadan-gebedsgids af te laai.

## Vervolgingsondag

Dit was net ná Pinkster in Handelinge wat die vervolging van die vroeë Kerk begin het. Die daaropvolgende Sondag staan sedertdien wêreldwyd as Vervolgingsondag bekend.

Ons nooi jou om vanjaar by ons aan te sluit op **SONDAG, 12 JUNIE 2022** in kerke regoor Suid-Afrika wanneer ons hierdie dag en dié wat vir hul geloof ly, herdenk. Hou ons gebeure-blad en sosiale media dop vir meer inligting oor kerke wat gashere gaan wees of om by ons aanlynbyeenkoms aan te sluit.


Christene wat in 'n kerk in Nepal aanbid.

# Reageer jy op Jesus?



Ek onthou ŉ keer wat ek ŉ gebedswandeling saam met ŉ span in ŉ spesifieke deel van Kaapstad se middestad gedoen het. Terwyl ek in ŉ pad afgestap het, het ek op die een of ander manier Jesus se teenwoordigheid in daardie spasie gevoel. Dit was asof die Here my vertel het dat Hy gereeld daar stap, en Hy het aan my gewys hoe Sy hart vir die mense daar breek. Ek het SSy voetspore gevoel terwyl Hy vir Sy mense, wat Hy wou hê Hom moes ken, ingetree het. Terwyl ek dit alles gesien het, het ek gesê: ***"Here, ek wil U hart hê en vir U mense omgee. Ek wil in die voetspore stap wat U vir my wys."***

Baie van ons word geraak deur iets wat die Here aan ons openbaar. Ons ken Sy hart en weet wat Hy doen. Tog reageer ons nie altyd nie.

Vervolgde gelowiges hoor en sien die Naam van Jesus en hulle reageer, maar dit kom teen ŉ prys. Paastyd is hier, en vir baie vervolgde gelowiges is dit gevaarlik om ŉ kerkdiens by te woon, te bid of in geloof te stap en in Jesus se voetspore te volg. Hulle lê egter elke dag hul lewens neer omdat hulle die Here se hart ken.

Ons is so dankbaar vir julle, ons vennote, wat op Jesus se roeping reageer deur jul gebede en ondersteuning om aan ons geloofsfamilie se toenemende behoeftes te voldoen.

Geopende Deure reageer tans op die behoeftes van vervolgde gelowiges wêreldwyd deur hulle te help om gedurende die Paastyd en regdeur die jaar sterk te staan.

Jy kan aanhou om op Jesus se roeping te reageer deur jou ondersteuning om gelowiges wêreldwyd te versterk. Besoek **www.opendoors.org.za/geehoop**.



Paastyd is hier, en vir baie vervolgde gelowiges is dit gevaarlik om ŉ kerkdiens by te woon, te bid of in geloof te stap en in Jesus se voetspore te volg.

©IMB

# PAASFEES

## aanvalle op Christene




Paasfees is vir baie van ons vervolgde familie in Christus ŉ tyd van gevaar. Tog, terwyl baie van hulle gedurende Paasfees vir die naam van Jesus ly, is dit ook oor Hom dat oorwinning behaal is. Hy het ons sondes, asook ons pyn, gedra. En daarom is die verhaal van Paasfees ŉ herinnering dat die ergste tragedie omgedraai kan word.

Hier is ŉ oorsig van die aanvalle op Christene tydens en rondom Paasfees sedert 2015. Dit is in dieselfde lande wat die Here aanhou werk en Sy Koninkryk laat groei.

Dankie vir jou gebede en ondersteuning deur die jare tydens hierdie gebeure. **Wanneer jy vanjaar Paasfees vier, bid asseblief veral vir ons geloofsfamilie in die voorste linies van ons geloof.**

**2015**

**SIRIË 21** doodgemaak & **60+** beseer
**KENIA 147** doodgemaak
**PAKISTAN 17** doodgemaak & **80** beseer

**2016**

**PAKISTAN 74** doodgemaak & **300+** beseer

**2017**

**NEPAL 1** beseer
**EGIPTE 49** doodgemaak & **110** beseer

**2018**

**EGIPTE 7** ontvoer
**PAKISTAN 7** beseer
**INDIË 1** beseer

**2019**

**NIGERIË 13** doodgemaak & **32** beseer
**SRI LANKA 259** doodgemaak & **500** beseer

## GEMEENSKAPLIKE STATISTIEKE

**22 aanvalle** het tydens of naby Paasfees plaasgevind

**Sri Lanka en Kenia** het die meeste sterftes as gevolg van aanvalle ervaar

**Sri Lanka en Pakistan (2016)** het die grootste aantal individue gehad wat beserings weens die aanvalle gedoen het

**9 kerke** is in 11 aanvalle geteiken

**2** of meer kerke het in 4 of meer gevalle onder gekoördineerde aanvalle deurgeloop

**3** van die aanvalle is deur selfmoordbomaanvallers uitgevoer

**9** aanvalle is deur Moslems of radikale Islamitiese groepe uitgevoer

# Vanuit die hart



Beste vennote en vriende

Ongeag of jy betekenis vind in kerklike tradisies en die liturgie van Palmsondag, Vasdinsdag, Aswoensdag, Vastyd of reflektering by die stasies van die kruis om Jesus se pad te onthou, en of jy Goeie Vrydag en Paassondag-vier met Paasbolletjies en Paaseiers – hierdie tyd op die kalender is ŉ belangrike oomblik om te onthou en te reflekteer.

Ons onthou die realiteit van ons sondes en ons behoefte aan ŉ Redder. Ons ontmoet Jesus nadat Hy die kruis in die gesig gestaar het en doelbewus die grootste opoffering gemaak het om, vir ons, van God die Vader geskei te word. Ons hou asem op in die stilheid van Saterdag, en herroep die eerste volgelinge van Jesus, wat angstig en gebroke gewag het. Ons onthou ook die opwinding van Paasfees en die feit dat ons vergifnis ontvang het – ons vier ŉ nuwe opstandingslewe.

Om deel te wees van ŉ bediening wat op ons vervolgde Christen-familie fokus, bring vir my ŉ ander perspektief op die viering van Paasfees.
Hierdie tyd van die jaar spoel vyandigheid dikwels oor in aanvalle, ernstige diskriminasie en teenkanting – en identifisering met Jesus se lyding omdat hulle self aansienlike lyding ervaar.

Behalwe dankbaarheid vir die ewige lewe en oortuiging om nader aan Jesus en die hoop wat Hy bring te leef – vind hierdie familielede van ons die krag om daagliks in Sy lyding te deel wanneer hulle weens hul Christen-identiteit, evangelisasie-pogings en verbintenis om Jesus te volg, gehaat word. Mag ons aanhou om hulle op te hef in die wete dat niks hulle (of ons) van Christus se liefde kan skei nie. Nie moeilikheid, swaarkry, vervolging, hongerte, naaktheid, gevaar of die swaard nie. May jy ŉ geseënde Paasfees hê.

Vrede

Lynette

**Lynette Leibach**
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika


**Geopende Deure**

I www.opendoors.org.za
T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org 064 867 4730
P.O. Box 1771, Cresta, 2118


Vervolg Maar nooit alleen.


Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
**Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: **Namibië, Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.


Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org


REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho